## VRYWARING

By die Universiteit Stellenbosch (US) stuur ons 'n aanvanklike kennisgewing oor ons gradeplegtighede aan alle finalejaar- voorgraadse en nagraadse studente voordat ons die graduandi-naamlyste vir ons gradeplegtighede finaliseer. Daarom moet die ontvangs van die kennisgewing nie as 'n bevestiging beskou word dat jy gaan gradueer nie.

Die Maart-gradeplegtighede begin op **Maandag, 23 Maart 2026**. As jy kwalifiseer om te gradueer, kan jy vanaf **Woensdag, 18 Maart 2026** bevestiging per epos verwag. Gaan asseblief ook die gradeplegtigheidskedule en graduandi-naamlyste in die Gradeplegtigheidsprogram na.

Om in aanmerking te kom om te gradueer, is dit noodsaaklik dat jy aan al die vereistes van jou kwalifikasie voldoen. Neem asseblief 'n oomblik om, in oorleg met jou fakulteitsadministrateur, seker te maak dat jy aan al die nodige vereistes voldoen, aangesien foute soms kan insluip.

### Bevestig jou persoonlike inligting vir gradueringsdokumente

Jy moet jou persoonlike inligting (voornaam of name en van) so gou moontlik op jou studenteprofiel op die SUNStudent-portaal bevestig. Jou persoonlike besonderhede sal soos wat dit op die US se studente-inligtingstelsel verskyn op jou gradueringsdokumente gedruk word.

Indien jy sou versuim om jou besonderhede te bevestig of by te werk, en jou gradueringsdokumente bevat verkeerde persoonlike inligting, sal R500 betaalbaar wees vir die heruitreiking van die dokumente.

Stuur asseblief 'n kopie van jou identiteitsdokument per epos na ons Kliëntedienssentrum (info@sun.ac.za) met die versoek dat jou inligting voor **Vrydag, 6 Maart 2026** bygewerk word.